Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

EDUCATION
EYEZEMFUNDO
OPVOEDKUNDE

## FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

## TAALIMPLEMENTERINGSPLAN VIR 2023 [1]

### 1) Inleiding

Die Fakulteit Opvoedkunde streef daarna om 'n inklusiewe fakulteit te wees wat hom beywer vir 'n meertalige aanbod sonder dat enige student (of personeellid) op grond van taal uitgesluit word nie. Die Fakulteit beskou sy Taalimplementeringsplan as 'n voortgesette proses van wedersydse beplanning en evaluering wat in pas met die Universiteit se hersiene Taalbeleid sal ontwikkel.

Gegewe dat voornemende onderwysers leerders sal moet onderrig, is dit noodsaaklik dat hulle voorberei word om op gepaste wyse in 'n meertalige skoolomgewing te funksioneer. Die Taalimplementeringsplan moet dus eerstens voorsiening maak vir onderwysstudente wat tale in skole sal gebruik, en tweedens vir die akademiese behoeftes van onderwysstudente op nagraadse vlak.

#### a) Dui aan watter departemente / individue / belanghebbende groepe in die samestelling van die plan geraadpleeg is

Ons Fakulteit het 'n suksesvolle voldag Taalimplementerings-werkswinkel gehou wat goed bygewoon is, ook deur die Viserektor (Leer en Onderrig) en die Senior Direkteur (Leer en Onderrigverryking). 'n Verslag oor die werkswinkel is by die Leer- en Onderrigkantoor van die Viserektor ingedien.

Ál vier departement in die Fakulteit is geraadpleeg, naamlik:

- Opvoedkundebeleidstudie
- Opvoedkundig Sielkunde
- Kurrikulumstudie (onder wie se bestuur die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys val) en
- die Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP)

Departementele voorsitters en programleiers was deurgaans betrokke by taalbeplanning en -advies oor studente se taalgebruik in modules. Taalgebruik is ook by die Fakulteit se Uitvoerende Komitee-vergaderings bespreek, terwyl voorsitters veranderinge en voortgesette taalpraktyke in hulle onderskeie departement

*1. LW. Hierdie plan vervang alle vorige weergawes en is SLEGS vir die 2023 akademiese jaar geldig.*



Faculty of Education | IFakhalthi yezeMfundo | Fakulteit Opvoedkunde
+27 21 808 2257 | madiba@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

bespreek het. Die direkteure van die twee sentra het ook die vergaderings van die uitvoerende komitee bygewoon.

**b) Dui aan *watter* studentegroepe geraadpleeg is en *hoe* hulle in die samestelling van die plan geraadpleeg is.**

Die Visedekaan het 'n paar vergaderings met die Onderwysstudentekomitee (OSK / ESC) gehou om te raadpleeg oor taal in onderwyspraktyk. Dít is opgevolg deur 'n formele brief aan die voorsitter, me Lise-Mari Slabber. Ons raadpleging met die OSK oor studente se ervaring van taalimplementering in die Fakulteit het vrugte gewerp en dit was duidelik dat daar geen griewe hoegenaamd was nie.

**2) Doelwitte van die Taalimplementeringsplan en die bevordering van meertaligheid**

Die doelwit van die Fakulteit se Taalimplementeringsplan is om:

- by te dra tot die verwesenliking van die US Visie 2040 om inklusiwiteit en gelyke toegang vir alle huidige en voornemende studente en personeel te verseker;
- meertaligheid optimaal te bevorder om ons studente voor te berei vir die realiteite van die dinamiese skoolkonteks waarbinne hulle sal moet funksioneer;
- akademiese taalvaardigheid te bevorder;
- onderwysgeleenthede van gehalte te verseker deur 'n kritiese bewustheid van die belang van taal vir doeltreffende leer en onderrig te kweek;
- uitnemendheid ten opsigte van onderrig en leer, navorsing en sosiale impak te verseker en te bevorder;
- 'n verwelkomende kultuur in die Fakulteit te bevorder en te verseker;
- sover moontlik, Afrikaans, Engels en isiXhosa as akademiese tale te bevorder;
- optimale toegang vir studente te verseker (insluitend studente met spesiale leerbehoeftes); en
- waardering en respek vir die rykheid van 'n diverse dosent- en studentekorps te bevorder.

Die bevordering van meertaligheid sal in 2023 vir ons 'n prioriteit bly. Dit sal gedoen word deur die taalspesifikasies, per module, vir elke module in die Fakulteit. Dosente word vereis om die taalopsies wat vir hulle spesifieke klasse beskikbaar is, in die moduleraamwerke te spesifiseer en hulle moet die studente herinner aan die taalopsies van hulle modules en wat dit beteken.

In alle modules waarin die Afdeling 7.1.4 taalspesifikasie gebruik word, moet alle inligting tydens die lesings ten minste in Engels oorgedra word, en opsommings of klem op inhoud moet ook in Afrikaans gegee word. Waar redelikerwys uitvoerbaar, moet vrae in Afrikaans en Engels in die taal van die vraag beantwoord word.

## 3) Taalgebruik in onderrig en leer

In modules waar dubbelmedium gebruik word, is dit belangrik om daarop te wys dat die meeste van ons akademiese personeel slegs Engels en Afrikaans praat, wat vir 'n toenemende getal studente hulle derde en vierde tale is. Die implementering van meertalige onderrig sal dus van akademiese personeel vereis om innoverend te wees en om kreatiewe maniere te soek om die potensiaal van meertalige pedagogie in kontak- en aanlynonderrig te benut. Sodanige onderrig sal ondersteun word deur gevestigde meertalig pedagogiese modelle soos transtaligheid. Transtaligheid stel dosente in staat om tale buigsamer te gebruik sodat studente hulle volle taalrepertoires vir leer kan aanwend. Dosente doen reeds PowerPoint-aanbiedings in drie tale, d.w.s Engels, Afrikaans en isiXhosa, en sal in 2023 daarmee voortgaan.

Die gebruik van transtaligheid sal ondersteun word deur MobiLex, 'n digitale woordeboek wat studente help om kernkonsepte in die kurrikulum in die taal van hulle keuse te vertaal sodat hulle dit beter kan verstaan. Die integrasie van MobiLex in die kurrikulum is sedert 2022 vir die BEd- en NOS-kursusse getoets wat op NKR-vlak 7 aangebied word en sal in 2023 voortgesit word omdat die studente-terugvoer baie positief is. Daar is ook 'n algemene gevoel onder die studente dat MobiLex groot waarde inhou in terme van begrip en die bevordering van tweetalige akademiese taalvaardighede.

'n Inleidende gids is beskikbaar wat bestaan uit nege weke se opleidingsessies wat vir dosente in Opvoedkunde geskep is (in Afrikaans, Engels en isiXhosa) en wat in 2023 gebruik sal word. Leeraktiwiteite, m.a.w. meertalige tutoriaalsessies, sal aan BEd- en NOS-studente verskaf word en sal op SUNLearn geïntegreer word. Buiten die opleidingswerkswinkels en seminare oor MobiLex in 2022 sal meer werkswinkels plaasvind om nuut-aangestelde personeel, asook personeel en studente oor die universiteit heen, op te lei. Opleiding sal in 2023 in die Natuurwetenskappe- en Ingenieurswese-fakulteite plaasvind. Geletterdheidstoetse sal ook gedoen word om die doeltreffendheid van die MobiLex-toep in hierdie twee fakulteite te bepaal.

Op die voorgraadse vlak sal studente in beide Afrikaans en Engels kan studeer deur verskillende taalmodelle in 'n meertalige konteks te gebruik. Die dosente fasiliteer die leergeleenthede deur die verskillende taalmodelle (bv. lesings, tutoriale en studiemateriaal in beide Afrikaans en Engels).

Ondersteuning aan studente sal in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Voorgeskrewe leesmateriaal (bv. artikels) kan in Afrikaans verskaf word indien uitvoerbaar. Moduleraamwerke sal in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees (sien paragraaf 7.1.7 van die US Taalbeleid).

### a) Opsies wat per jaargroep gebruik word

Sien die opsies in die gedetailleerde beskrywing van die taal per module in die aangehegte sigblad.

**b) Uitsonderings en motivering van uitsonderings**

Geen

## 4) Taal in administrasie

Vir administratiewe doeleindes sal die Fakulteit Opvoedkunde ’n inklusiewe benadering in 2023 aanneem met betrekking tot die bestuurstaal. Hierdie benadering het reeds goed in die Fakulteit gewerk. Die meeste dosente het ’n baie goeie kennis en beheersing van beide Afrikaans en Engels. Amptelike skriftelike en mondelinge kommunikasie op fakulteitsvlak sal dus in sowel Afrikaans en Engels wees om al ons dosente in te sluit. Korrespondensie vanuit die Dekaan se kantoor sal in Afrikaans én Engels wees en, waar prakties uitvoerbaar, ook in isiXhosa.

In vergaderings sal deelnemers hulle voorkeurtale gebruik, hoewel Engels voorrang sal kry indien een persoon nie Afrikaansvaardig is nie. In die vergaderings van Fakulteitskomitees en die Fakulteitsraad sal kommunikasie meestal in Afrikaans sowel as Engels wees, na gelang van die konteks. In Fakulteitsraadvergaderings sal professionele tolkdienste (uit Afrikaans in Engels) voorsien word om kollegas wat nie Afrikaansvaardig is nie tegemoet te kom.

Kommunikasie met huidige en voornemende studente sal in sowel Afrikaans en Engels geskied. Kommunikasie op nagraadse vlak sal hoofsaaklik in Engels wees, maar ook in Afrikaans en IsiXhosa waar nodig.

## 5) Meganismes vir terugvoer oor implementering (goeie praktyk en klagtes)

Klagtes sal steeds deur ’n formele grieweprosedure vir studente bestuur word. Die Visedekaan (Onderrig en Leer) herinner studente tydens die oriëntasieweek aan hierdie prosedure om te verseker dat die formele prosedure gevolg word. Dít is bewys om ’n doeltreffende manier te wees om klagtes te bestuur en van goeie praktyke in die Fakulteit te hore te kom. Die Opvoedkundestudenteraad (OSR) vergader een keer elke kwartaal met die Visedekaan (Onderrig en Leer).

## 6) Enige bykomende aspekte wat nie in die afdelings hierbo genoem is nie

Die Onderrig- en Leerbeleid sal spesiaal voorsiening maak vir studente met leergestremdhede. Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos braille- of grootdruktekste vir kommunikasie nodig het, sal die betrokke personeellid met die Braillekantoor skakel om te reël dat die alternatiewe tekste betyds beskikbaar gestel word.

Waar dowe studente vir ’n program ingeskryf is, sal pogings aangewend word om die nodige bystand te voorsien om optimale leer te bevorder. Hierdie bystand sal voorsien word in oorleg met die betrokke Universiteitsafdeling wat verantwoordelik is vir studente met spesiale leerbehoeftes, sowel as met die Taalsentrum ingeval Suid-Afrikaanse Gebaretaaltolking (SAGT) vereis word. Twee SAGT-tolke is in diens geneem en sal ook in 2023 vir tolking beskikbaar wees.

Daar kan ook ander spesiale leerbehoeftes wees (bv. rolstoeltoegang of studente met beperkte beweeglikheid). Gepaste bystand sal na gelang van die spesifieke behoeftes voorsien word.

## 7) Slot

Die Fakulteit beskou meertaligheid as ’n hulpbron vir onderrig en leer, eerder as ’n probleem.

**Prof MR Madiba**
**Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde**
**18 Oktober 2022**

**Prof M le Cordeur**
**Visedekaan: Onderrig en Leer**
**18 Oktober 2022**

## 2023 UNDERGRADUATE MODULE OFFERING OF THE FACULTY OF EDUCATION

| Module code / Modulekode | Module name | Modulenaam | Language of instruction 2023 | Aanbiedingstaal 2023 |
|---|---|---|---|---|
| 12462377 | Afrikaans communication 377 | Afrikaans Kommunikasie 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 12462379 | Afrikaans communication 379 | Afrikaans Kommunikasie 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850179 | Afr First Add Language (Ed) (FP) 179 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850177 | Afr First Add Language (Ed) (IP) 177 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850279 | Afr First Add Language (Ed) (FP) 279 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (GF) 279 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850277 | Afr First Add Language (Ed) (IP) 277 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850379 | Afr First Add Language (Ed) (FP) 379 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850377 | Afr First Add Language (Ed) (IP) 377 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850479 | Afr First Add Language (Ed) (FP) 479 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13850477 | Afr First Add Language (Ed) (IP) 477 | Afr Eerste Add Taal (Ond) (IF) 477 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849179 | Afr Home Language (Ed) (FP) 179 | Afr Huistaal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849177 | Afr Home Language (Ed) (IP) 177 | Afr Huistaal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849279 | Afr Home Language (Ed) (FP) 279 | Afr Huistaal (Ond) (GF) 279 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849277 | Afr Home Language (Ed) (IP) 277 | Afr Huistaal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849379 | Afr Home Language (Ed) (FP) 379 | Afr Huistaal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849377 | Afr Home Language (Ed) (IP) 377 | Afr Huistaal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849479 | Afr Home Language (Ed) (FP) 479 | Afr Huistaal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13849477 | Afr Home Language (Ed) (IP) 477 | Afr Huistaal (Ond) (IF) 477 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14228414 | Addressing Diverse Learning Needs 414 | Aanspreek van Diverse Leerbehoeftes 414 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| | | | | |

| Module code Modulekode | Module Name | Modulenaam | Language of Instruction 2023 | Aanbiedingstaal 2023 |
|---|---|---|---|---|
| 11513114/124 | Becoming a teacher 114/124 | Om onderwyser te word 114/124 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 13563271 | Calculus 271 | Kalkulus 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13454171 | Chemistry: Matter and Material 171 | Chemie: Materie en Materiale 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13829277 | Curriculum Theory 277 | Kurrikulumteorie 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13562271 | Data Handling 271 | Data-hantering 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13562272 | Data Handling 272 | Data-hantering 272 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13562273 | Data Handling 273 | Data-hantering 273 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 65862224 | Development and Learning 224 | Ontwikkeling en Leer 224 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13451271 | Earth and Beyond 271 | Die Aarde en Verder 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11515377 | Educ Evaluation and Research 377 | Opvoedk Evaluering en Navorsin 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13997377 | Educ Policy and Management 377 | Opvoedkundebeleid en -leierska 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13997379 | Educ Policy and Management 379 | Opvoedkundebeleid en -leierska 379 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 49921171 | Educational perspectives 171 | Opvoedkundige perspektiewe 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 14246177 | English First Add Language (Ed) (IP) 177 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246179 | English First Add Language (Ed) (FP) 179 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246277 | English First Add Language (Ed) (IP) 277 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246279 | English First Add Language (Ed) (FP) 279 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (GF) 279 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246377 | English First Add Language (Ed) (IP) 377 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246379 | English First Add Language (Ed) (FP) 379 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14246477 | English First Add Language (Ed) (IP) 477 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (IF) 477 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| Module code Modulekode | Module Name | Modulenaam | Language of Instruction 2023 | Aanbiedingstaal 2023 |
| 14246479 | English First Add Language (Ed) (FP) 479 | Engels Eerste Add Taal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248177 | English Home Language (Ed) (IP) | Engels Huistaal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 177 | | | |
| 14248179 | English Home Language (Ed) (FP) 179 | Engels Huistaal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248277 | English Home Language (Ed) (IP) 277 | Engels Huistaal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248279 | English Home Language (Ed) (FP) 279 | Engels Huistaal (Ond) (GF) 279 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248377 | English Home Language (Ed) (IP) 377 | Engels Huistaal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248379 | English Home Language (Ed) (FP) 379 | Engels Huistaal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248479 | English Home Language (Ed) (FP) 479 | Engels Huistaal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14248479 | English Home Language (Ed) (IP) 479 | Engels Huistaal (Ond) (IF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 56847171 | Financial mathematics 171 | Finansiële wiskunde 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13435171 | General Pedagogy 171 | Algemene Pedagogie 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13559271 | Geometry 271 | Meetkunde 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13824279 | Grade R Theory and Practice 279 | Graad R Teorie en Praktyk 279 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11516177 | ICTs for learning 177 | IKT's vir leer 177 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11516179 | ICTs for learning 179 | IKT's vir leer 179 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11516277 | ICTs for learning 277 | IKT's vir leer 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11510124 | Introduction to language educt 124 | Inleiding tot taalonderwys 124 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11510144 | Introduction to language educt 144 (if applicable) | Inleiding tot taalonderwys 144 (if applicable) | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13999377 | IsiXhosa Communication 377 | IsiXhosa Kommunikasie 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13999379 | IsiXhosa Communication 379 | IsiXhosa Kommunikasie 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245177 | isiXhosa First Add Language (Ed) (IP) 177 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| **Module code Modulekode** | **Module Name** | **Modulenaam** | **Language of Instruction 2023** | **Aanbiedingstaal 2023** |
| 14245179 | isiXhosa First Add Language (Ed) (FP) 179 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245277 | isiXhosa First Add Language (Ed) (IP) 277 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245279 | isiXhosa First Add | isiXhosa Eerste Add | EXEMPTED | KWYTGESKELD |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Language (Ed) (FP) 279 | Taal (Ond) (GF) 279 | | |
| 14245377 | isiXhosa First Add Language (Ed) (IP) 377 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245379 | isiXhosa First Add Language (Ed) (FP) 379 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245477 | isiXhosa First Add Language (Ed) (IP) 477 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (IF) 477 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14245479 | isiXhosa First Add Language (Ed) (FP) 479 | isiXhosa Eerste Add Taal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851177 | isiXhosa Home Language (Ed) (IP) 177 | isiXhosa Huistaal (Ond) (IF) 177 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851179 | isiXhosa Home Language (Ed) (FP) 179 | isiXhosa Huistaal (Ond) (GF) 179 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851277 | isiXhosa Home Language (Ed) (IP) 277 | isiXhosa Huistaal (Ond) (IF) 277 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851279 | isiXhosa Home Language (Ed) (FP) 279 | isiXhosa Huistaal (Ond) (GF) 279 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851377 | isiXhosa Home Language (Ed) (IP) 377 | isiXhosa Huistaal (Ond) (IF) 377 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851379 | isiXhosa Home Language (Ed) (FP) 379 | isiXhosa Huistaal (Ond) (GF) 379 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851477 | isiXhosa Home Language (Ed) (IP) 477 | isiXhosa Huistaal (Ond) (IF) 477 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13851479 | isiXhosa Home Language (Ed) (FP) 479 | isiXhosa Huistaal (Ond) (GF) 479 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13826224 | Language Education: Core Modul 224 | Taalonderrig: Basismodule 224 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13826324 | Language Education: Core Modul 324 | Taalonderrig: Basismodule 324 | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14231477 | Language of Learning and Teaching (LOLT) and academic development 477 | Taal van onderrig | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 14231479 | Language of Learning and Teaching (LOLT) and academic development 479 | Taal van onderrig | EXEMPTED | KWYTGESKELD |
| 13452271 | Life Sci: Life and Living 271 | Lewenswet: Lewe en Lewenswyse 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11570177 | Life skills 177 | Lewensvaardighede 177 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11570179 | Life skills 179 | Lewensvaardighede 179 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14000377 | Life Skills: Dance and Drama 377 | Lewensvaardigh: Dans en Drama 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 14000379 | Life Skills: Dance and Drama 379 | Lewensvaardigh: Dans en Drama 379 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13827277 | Life Skills: Music 277 | Lewensvaardighede: Musiek 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| **Module code Modulekode** | **Module Name** | **Modulenaam** | **Language of Instruction 2023** | **Aanbiedingstaal 2023** |
| 13827279 | Life Skills: Music 279 | Lewensvaardighede: Musiek 279 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 14229477 | Life Skills: Physical Education 477 | Lewensvaardigh: Liggaamlike Opvoeding 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 14229479 | Life Skills: Physical Education 479 | Lewensvaardigh: Liggaamlike Opvoeding 479 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13828277 | Life Skills: Visual Arts 277 | Lewensvaardighede: Kuns 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13828279 | Life Skills: Visual Arts 279 | Lewensvaardighede: Kuns 279 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13825279 | Literacies Life Skills 279 | Geletterdh in Lewensvaard 279 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 24023177 | Mathematics (ed) 177 | Wiskunde (ond) 177 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 24023179 | Mathematics (ed) 179 | Wiskunde (ond) 179 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 24023277 | Mathematics (ed) 277 | Wiskunde (ond) 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 24023279 | Mathematics (ed) 279 | Wiskunde (ond) 279 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 24023377 | Mathematics (ed) 377 | Wiskunde (ond) 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 24023379 | Mathematics (ed) 379 | Wiskunde (ond) 379 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 24023477 | Mathematics (ed) 477 | Wiskunde (ond) 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 24023479 | Mathematics (ed) 479 | Wiskunde (ond) 479 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13566271 | Measurement 271 | Meting 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13566272 | Measurement 272 | Meting 272 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 59161177 | Natural sciences (ed) 177 | Natuurwetenskappe (ond) 177 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 59161277 | Natural sciences (ed) 277 | Natuurwetenskappe (ond) 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 59161377 | Natural sciences (ed) 377 | Natuurwetenskappe (ond) 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 59161477 | Natural sciences (ed) 477 | Natuurwetenskappe (ond) 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13564171 | Number, operations and relatio 171 | Getalle, bewerkings en verwant 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13564172 | Number, operations and relatio 172 | Getalle, bewerkings en verwant 172 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13558172 | Patterns, Functions and Algebr 172 | Patrone, Funksies en Algebra 172 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13558173 | Patterns, Functions | Patrone, Funksies en | DUAL | DUBBELMEDIUM |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | and Algebr 173 | Algebra 173 | MEDIUM | |
| 13558174 | Patterns, Functions and Algebr 174 | Patrone, Funksies en Algebra 174 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13449171 | Pedag Content Knowl of NatSc I 171 | Pedag Inhoudsken van Natwet I 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| **Module code Modulekode** | **Module Name** | **Modulenaam** | **Language of Instruction 2023** | **Aanbiedingstaal 2023** |
| 13450271 | Pedag Content Knowl of NatS II 271 | Pedag Inhoudsken van Natwet II 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 57142477 | Philosophy of education 477 | Filosofie van die opvoeding 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 57142479 | Philosophy of education 479 | Filosofie van die opvoeding 479 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13453171 | Physics: Energy and Change 171 | Fisika: Energie en Verandering 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512177 | Practical learning 177 | Praktiese leer 177 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512179 | Practical learning 179 | Praktiese leer 179 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512277 | Practical learning 277 | Praktiese leer 277 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512279 | Practical learning 279 | Praktiese leer 279 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512377 | Practical learning 377 | Praktiese leer 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512379 | Practical learning 379 | Praktiese leer 379 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512477 | Practical learning 477 | Praktiese leer 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 11512479 | Practical learning 479 | Praktiese leer 479 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 59188177 | Social sciences (ed) 177 | Sosiale wetenskappe (ond) 177 | PARALLEL MEDIUM | PARALLELMEDIUM |
| 59188377 | Social sciences (ed) 377 | Sosiale wetenskappe (ond) 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 59188477 | Social sciences (ed) 477 | Sosiale wetenskappe (ond) 477 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13998377 | Sociology of Education 377 | Sosiologie van die Opvoeding 377 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13998379 | Sociology of Education 379 | Sosiologie van die Opvoeding 379 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13565271 | Space and shape 271 | Ruimte en vorm 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13565272 | Space and shape 272 | Ruimte en vorm 272 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| **Module code Modulekode** | **Module Name** | **Modulenaam** | **Language of Instruction 2023** | **Aanbiedingstaal 2023** |
| 13561271 | Trigonometry 271 | Trigonometrie 271 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13437171 | Work Integrated Learning 171 | Werk Geïntegreerde Leer 171 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |
| 13437272 | Work Integrated Learning 272 | Werk Geïntegreerde Leer 272 | DUAL MEDIUM | DUBBELMEDIUM |